

26 April

Skrifgedeelte: Hebreërs 13:10-16

Fokusgedeelte: Hebreërs 13:10

So baie ontvang soveel meer in die nuwe bedeling

Messiaanse Jode is mense uit die Joodse volk wat Christus as Verlosser aanvaar. In gesprekke met hulle lê dié Jode gewoonlik klem daarop dat hulle nie bekeerde Jode is nie. Hulle beskou hulleself as die ware Jode. Hulle het immers die evangelieboodskap aanvaar en Jesus se volgelinge geword, soos die Joodse volk veronderstel was om te doen.

Baie Joods-Christene het dus in die afgelope paastyd die dood van Christus saam met ons gedenk. Hy het ook vir hulle sondes aan die kruis kom betaal.

Die skrywer van Hebreërs het destyds aan Joodse Christene geskryf om hulle te bemoedig. Toe hulle uit die Joodse geloof tot Christus gekom het, het hulle nie iets verloor nie. Hulle het baie meer ontvang as wat die Ou-Testamentiese offerbedeling kon bied. Die profesieë rondom die offer is immers vervul toe Jesus gesterf het. Hy het buite Jerusalem op Golgota gesterf. In die Ou-Testamentiese bedeling is die offerdier se bloed deur die priester op die Groot Versoendag in die allerheiligste deel van die tempel ingeneem. Die vel, vleis en die res van die dier is buite Jerusalem verbrand.

Christengelowiges se volmaakte offer, Christus buite Jerusalem, getuig van veel meer. Vers 10 impliseer dat ons ook andersins meer as in die Ou-Testamentiese bedeling ontvang. Onder die Jode kon net priesters uit die stam van Levi van die offervleis eet. Christene uit alle volke mag egter vandag simbolies van die offer, Christus, eet, soos die nagmaal simboliseer.

Laat ons nou, ná paastyd, ons offer van lof bring saam met gelowiges uit die Jodendom, en saam met gelowiges uit alle volke. Christus het sy liggaam as offer gegee. Laat die lofoffer van ons stem en ons dae nooit ophou nie.

Sing: Psalm 148:7, 9 (2001)

Ds. KA (Anton) J van Rensburg (Paarl)